

Die gans wat goue eiers kon lê

Eendag was daar 'n baie arm boer. Sy naam was Dirk. Dag en nag het hy gewens hy kan ryk word. Toe hy een oggend in die koeiskuur is - en droom hy besit drie koeie in plaas van een - hoor hy skielik sy vrou se stem agter hom:

"Dirk, kyk wat het ek gekry! Ag, dit moet seker die wonderlikste dag van ons lewens wees!"

Toe hy omdraai om na sy vrou te kyk, kan hy sy oë nie glo nie. Onder haar regterarm het sy 'n vet gans, en in haar linkerhand hou sy 'n volmaakte goue eier vas.

"Nee, nee, jy droom nie hierdie keer nie," lag sy vrolik. "Ons het *werklik* 'n gans wat goue eiers lê. Ag, dink net hoe ryk sal ons word as sy elke dag so 'n eier kan lê. Ons moet haar *baie* goed behandel."

In die weke wat volg, is dit presies wat hulle doen. Elke dag lei hulle haar na die welige groen gras by die dorpsdam, elke aand laat slaap hulle haar op 'n strooibed in 'n warm hoekie van die kombuis. Elke oggend is daar weer 'n goue eier.

Dirk koop grond en koeie by. Maar hy weet dat hy baie lank sal moet wag voordat hy werklik *skatryk* is.

"Dis te lank," sê hy een oggend eindelijk. "Ek is moeg van wag. Enige mens kan sien ons gans het 'n hele versameling eiers in haar maag. Ek dink ons moet haar slag en hulle *nou* uithaall!"

Sy vrou laat haar ompraat. Sy onthou nie meer hoe gelukkig sy was toe hulle die eerste goue eier ontdek het nie. Sy gee vir Dirk 'n mes en kort daarna het hy die gans geslag en oopgesny.

Weer kan hy sy oë nie glo nie. Maar hierdie keer lag sy vrou nie, want die dooie gans bevat geen enkele eier nie.

"O, Dirk!" huil sy. "Waarom was ons so gulsig? Hoe lank ons ook al wag, ons sal nou nooit meer ryk word nie."

En van daardie dag af het dit al slegter met hulle gegaan.



Beantwoord nou die volgende vrae mondelings nadat jy die leesstuk deeglik deurgelees het. Jy hoef nie die antwoorde te skryf nie.

1. Soek 'n sinoniem (woord wat dieselfde beteken as) die gras groei.
2. Twee van die woorde hieronder beskryf vir Dirk baie goed. Watter woord **pas nie**?
Dirk was:
 - (a) ongeduldig
 - (b) gelukkig
 - (c) gulsig

3. Waar het Dirk en sy vrou snags die gans laat slaap? Die gans
4. Iemand wat baie ryk is, is
5. Wat het Dirk gedoen met die goue eiers? Dirk het
6. Ons lees Dirk se vrou het haar laat ompraat. Wat beteken dit?
7. Soek twee woorde in die leesstuk wat die eerste eier wat die gans gelê het, beskryf. (Byvoeglike naamwoorde)
8. Wat noem ons dit as Mamma 12 eiers koop? 'neiers
9. Hoekom dink jy het Dirk besluit om die gans te slag?
10. Wie is die hoofkarakters in die storie?

MEMO

1. Soek 'n sinoniem (woord wat dieselfde beteken as) die gras groei.
welig
2. Twee van die woorde hieronder beskryf vir Dirk baie goed. Watter woord pas nie?
Dirk was:
(a) ongeduldig
(b) gelukkig
(c) gulsig
3. Waar het Dirk en sy vrou snags die gans laat slaap?
Die gans het in 'n strooibed in 'n warm hoekie in die kombuis geslaap.
4. Iemand wat baie ryk is, is skatryk.
5. Wat het Dirk gedoen met die goue eiers? Dirk het grond en koeie gekoop.
6. Ons lees Dirk se vrou het haar laat ompraat. Wat beteken dit?
Sy het na Dirk geluister en gedoen wat hy sê. (enige soortgelyke antwoord)
7. Soek twee woorde in die leesstuk wat die eerste eier wat die gans gelê het, beskryf.
volmaakte en goue
8. Wat noem ons dit as Mamma 12 eiers koop? 'n Dosyn eiers
9. Hoekom dink jy het Dirk besluit om die gans te slag?
Hy was gulsig en het gedink daar is 'n hele versameling goue eiers in die gans se maag.
10. Wie is die hoofkarakters in die storie?
Dirk en sy vrou

